

Inheemse Spoor

Celebrating Khoi-Khoi Indigenous Knowledge

Uitgawe 13

'n Publikasie van die Khoi-Khoi Peoples Biodiversity Trust

JULIE 2025



VERENIGDE FRONT: Kaapse Khoi-leiers en die bestuur van die Khoi-Khoi Peoples Rooibos Biodiversity Trust voor die Eerste Nasie Erfenis-sentrum nadat die eerste been van die Kaapse Khoi Konferensie suksesvol afgehandel is.

Kaapse Khoi konferensie oorskry verwagtinge

IFN MEDIA VERSLAGSPAN

Die eerste been van die konferensie van die Kaapse Khoi-groep, wat in aanmerking gaan kom vir voordele wat spruit uit die tradisionele kennis van rooibos, het onlangs afgeskop by die Eerste Nasie Erfenis-sentrum in Riverlands, Observatory, Kaapstad.

Hier het leiers en afgevaardigdes van sowat 15 Kaapse Khoi-stamme in die Kaapse Skiereiland, asook dorpe in die Swartland, Boland, Wynland en Overberg, 'n nuwe struktuur geskep, wat 'n vereiste is om die voordele te ontvang van die Khoi-Khoi Peoples Rooibos Biodiversity Trust.

Ná 'n demokratiese stemproses onder die afgevaardigdes, was die keuse vir die nuwe naam die National Cape Khoi Council.

Soos met die ander drie groot Khoi-

groepe, het die Khoi-Khoi Peoples Rooibos Biodiversity Trust (KPRBT) die Kaapse Khoi in die Kaapse Metro-pool en omliggende gebiede byeengeroep om die proses te verduidelik hoe inheemse gemeenskappe voordeel uit die eeu-oue tradisionele kennis van die voorouers kan trek om hul gemeenskappe op te hef en te bemagtig.

Suksesvolle konferensies is reeds gehou met die Nama, Griekwa, Koranna en die rooibos-gebiede in die Cederberg-strook.

Die konferensie is geopen met 'n gebed deur Kennett Maarman, een van die KPRBT trustlede en verteenwoordiger van die rooibos-streek in Nieuwoudtville. Ander gemeenskappe in die Cederberg sluit in Wupperthal en die Suid-Bokkeveld en omliggende dorpie.

Maarman het onder meer sy danksegging uitgespreek vir die suksesse wat reeds behaal is in

vorige konferensies en gebid dat dieselfde ook in die Kaap sal gebeur.

“Ons is hier om mekaar aan die hand te vat en dit is 'n groot volk wat ons wil opbou om saam te werk, saam te groei en dit wat aan ons behoort terug te vat. Ons kan dit egter net doen as ons met een stem en een taal praat, en een werk doen; en as ons saamstaan en mekaar se rue sterk maak om hierdie geveg voor te sit,” het Maarman gebid.

Die Khoi-leierskap is tydens die konferensie behoorlik ingelig oor die voordele van die inheemse kennis van rooibos asook baie ander plante.

Volgens die KPRBT sal die tweede been van die Kaapse Khoi vir die Suid en Oos-Kaap gehou word, wie se strukture gekoppel is aan die Khoi Cultural Heritage Development Council (KCHDC).

“Ons het vandag gekom met een doel voor oë, om te sien dat hier vandag 'n struktuur gestig word deur

die leiers hier teenwoordig sodat die geld by die gemeenskappe kan uitkom,” het die voorsitter van die KPRBT, Pastoor Johannes Maarman gesê.

“Hoe gouer hierdie proses kan plaasvind, hoe gouer kan die geld betaal word want daar is alreeds mense, sommige jeugdiges, wat meen die KhoiSan lieg net want jy sien niks gebeur nie.

Stanley Peterson, onder-voorsitter van die Trust, het gesê, “ons wil nie baie praat nie, net sê dat ons die custodians van die verspreiding van die fondse is, en ons is oorgehaal om die geld so goue as moontlik te betaal”.

“Die ander groepe wat deel vorm van begunstigdes het reeds hul konferensies afgehandel en hul geld ontvang, en daarom is daar nou druk op die Kaapse Khoi om hul struktuur te stig, het Peterson gesê.”

Vervolg op bl. 2



KORANNA ONTVANG HUL R1 MILJOEN! Met groot vreugde en ekstase het die Koranna Khoi-Khoi groep hul geld in Julie in Bloemfontein ontvang van die KPRBT vir die opheffing en ontwikkeling van die Korannagemeenskappe. (Meer foto's en stories op ble. 6 en 7)

NKC & TRUST CONTACTS

Frans Kraalshoek: Free State Griqua
Cell: 073 251 9090

Gabriel Marais: KZN Griqua
Cell: 083 703 9405

Anthony Petersen: Free State Koranna
Cell: 084 253 4393

Cecil le Fleur: Matzikama District Griqua
083 234 5501

Gert Joel Links: Kuboes Nama
Cell: 066 545 8585

Chantal Revell: Cape Town Cape Khoi
Cell: 076 073 2607

Charlotte Links: Kharkams Nama
Cell: 078 498 5564

Johannes Waterboer: Griekwastad Griqua
Cell: 083 732 6819

Stanley Peterson: Upington Griqua
Cell: 073 029 9956

Johannes Maarman: Patensie Koranna
Cell: 074 872 6829

Louisa Williams: Kimberley Koranna
Cell: 073 293 9467

Margaret Coetzee: Eastern Cape Cape Khoi
Cell: 076 552 4723

Moira Daya: Gauteng Cape Khoi
Cell: 084 680 7779

John van Rooyen: Gauteng Bushmen
Cell: 078 326 5394

Poem Mooney: Oudtshoorn Cape Khoi
Cell: 083 590 2740

John George: Eastern Cape Koranna
Cell: 063 318 9271

Paul Pienaar: Griqua
Cell: 084 312 6946

Barend Salomo: Wupperthal Griqua
Cell: 067 404 8840

Kennett Maarman: Nieuwoudtville
Cell: 073 944 4717

Charlie Josephs: Gqeberha
Cell: 084 533 2281



KAAPSE KHOI AFGEVAARDIGDES: Die eerste been van die Kaapse Khoi Konferensie in Kaapstad het goed afgeskop met verteenwoordigers van 15 organisasies wat dit bygewoon het. **FOTO'S: IFN MEDIA**



Verwagtinge van konferensie verras

Vervolg van bl. 1

Volgens Peterson is die Kaapse Khoi konferensie al meer as tien keer uitgestel, “en hierdie keer moes die voorsitter sy voet neersit – en sê genoeg is genoeg.”

Peterson het voorts gesê hulle kan nie die geld vashou wat na die gemeenskap moet gaan nie. “As die gemeenskap sien dat jy as ’n leier iets doen, sal hulle jou mos kop toe vat, of hoe? Maar as jy niks doen nie, sal hulle dink dit is net praat en geen aksie.”

Die proses om ’n nuwe struktuur met ’n raad en uitvoerende komitee te stig, het glad verloop en ’n tussentydse grondwet is reeds opgestel en aan al die verkose lede gestuur vir hul insae.

Frans Kraalshoek, tesourier van die Khoi-Khoi Peoples Biodiversity Trust het as seremoniemeester opgetree en het ’n opsomming gegee oor die doel van die vergadering.

Hy het die konferensie ingelig dat die Trust die konferensie gereël het om die afgevaardigdes in te lig oor die prosedures wat in plek moet wees sodat die Trust die R1 Miljoen en ander gelde wat die Kaapse Khoi toekom, kan oorhandig.

Volgens Kraalshoek het die ander Khoi-groepe – die Griekwa, Nama en Koranna – asook die gemeenskappe in die Cederberg-strook, reeds hul R1 Miljoen ontvang.

“Ons was by elke geleentheid waar die geld oorhandig was. In die Cederberg was die saal stampvol en was daar groot vreugde onder die mense wat daar was.

“Ons was ook by die Griekwa en

Koranna geleenthede en met elke proses het ons begin leer hoe die prosedures werk onder ons mede-volkgenote.

“Wat vir ons as die Trust baie belangrik is, is om ons vier Khoi-groepe te organiseer sodat die gemeenskapsleiers die geld kan hanteer wat vir hul gemeenskappe bedoel is, en sodoende die druk van ons wegneem.”

Peterson, wat ook die hoof-onderhandelaar van die Biodiversiteit Trust is, het die uitvoerende bestuur van die Trust bekend gestel en gepraat oor die doel waarom die konferensie plaasvind.

“Die uitvoerende trustlede is die custodians van die Trust, en ons is vandag hier vir die doel om geld by die gemeenskappe uit te kry – nie by die leiers nie.

“Ons het nie gekom om te stry of om ons tyd te mors nie. Die geld moet gaan na onse mense toe, en hoe gouer ons die struktuur op die been bring hoe gouer kan dit gebeur.

“Ons sal nie deel wees van die verkiesingsproses nie, ons gaan buite wag tot julle ons roep wanneer julle reg is vir ons,” het Peterson gesê.

Volgens Kraalshoek is die prosedure heel eenvoudig. Die KPRBT oorhandig die geld aan die gemeenskappe en die gemeenskappe besluit oor die aansoeke vir projekte wat hulle kry, en watter projekte aan al die vereistes voldoen.

“Die miljoen rand moet gefokus wees op die jeug en die vroue, en ons hier gaan werk om die werklose jeug en vroue te bemagtig deur die

voordele wat ontvang word van die gelde wat ontvang is weens die inheemse kennis van ons voorouers.

“Indien jul struktuur in plek is en jul ontvang jul geld, wil ons as die Trust versoek dat die fokus veral op die jeug en vroue moet val, sodat hulle bemagting kan word.”

Volgens Kraalshoek is die Trust ook besig met die saamstel van ’n databasis van al die verskillende inheemse organisasies wat bestaan.

“Na die prosesse waar die uitvoerende bestuur en bykomende lede gekies is, stig ons met die ander groepe – die strukture van die Griekwa, Nama, Koranna en Kaapse Khoi – die Khoi-Khoi Raad.

“Hierna kom elke groep se uitvoerende bestuur van al die rade bymekaar en ons het dan die Khoi-Khoi Raad en die San Raad en dan is ons weer almal saam.

“U het mos gehoor die regering sê ons is verdeeld, so ons moet ook slimmer raak, en in die proses moet ons niemand agterlaat nie.

“Dan beweeg ons na vereniging, want ons is mos een familie,” het Kraalshoek gesê.

Pastoor Maarman het die afgevaardigdes ingelig dat die Trust daar is om te sorg dat die geld by die Khoi-gemeenskappe uitkom.

“Ons is onder geweldige druk om die geld by julle uit te kry. Ons kry dreigemente links en regs, met aantuigings dat ons die geld vir onself hou.

“Maar nou hou julle die proses op. Ons is hier om te sê organiseer juiself en kry jul struktuur en gee ons jul bankrekening sodat ons jul geld kan betaal.”



Boodskap van die Voorsitter

Pastoor Johannes Maarman



JOHANNES MAARMAN

Kaapse Khoi laaste groep wat geld van biodiversiteitstrust moet kry

Die onderstaande boodskap is gelewer by die eerste been van die Kaapse Khoi Konferensie, wat by die Riverlands Erfenis-sentrum in Kaapstad, gehou is.

Die Khoi-Khoi Peoples Biodiversity Trust het vandag se konferensie gereël met een doel voor oë: Om te sien dat die Kaapse Khoi in die Wes-Kaap en omliggende gebiede 'n struktuur daartel sodat ons die geld wat aan julle verskuldig is van die biodiversiteitsvoordele kan oorhandig.

God het al hierdie dinge in ons hande gegee om te doen, Hy gaan dit nie self doen nie.

Daarom wil ek vir die Kaapse Khoi versigtig maan om nie die Trust vandag hier weg te stuur sonder om die struktuur te stig en daarmee die proses van die geld-oorhanding vertraag nie.

Drie van die vier Khoi-Khoi groepe wat geormerk is om geld te ontvang, het reeds hul geld ontvang – dit is die Nama, Griekwa, en Koranna – en hulle het hulle al veskeie projekte op die been gebring.

Ons wag nog net vir die Kaapse Khoi want ons is onder druk om die geld by ons mense

uit te kry. Die Kaapse Khoi is een groep wat ons ophou.

Daar is sommige mense wat dink dat hulle is beter is as ander, soos dat hulle eerste daar was of lankal daar was, maar die Nasionale KhoiSan raad het juis in 2012 gaan kyk watter mense nie daar is nie en het hulle ook byeen gebring – en dit is waar ons vandag sit.

Ek dink ons moet vir mekaar hier duidelik sê: Leier ek saluut jou. Kort en kragtig.

As die Trust wil ons vandag hier sê organiseer en kry julle reg. Soos die onder-voorsitter Stanley Peterson gesê het, ons is onder geweldige druk, en ons kry dreigmente van links en regs. Ons word daarvan beskuldig dat ons die geld gevat en uitgevreet het.

En julle maak nie ons taak makliker nie, want julle laat ons nie toe om die geld aan julle te gee nie.

Dit is ongehoord dat die Kaapse Khoi konferensie al 10 keer uitgestel is.

Ons vra julle mooi, kry jul struktuur, kry jul grondwet, gee vir ons jul bankrekening en die geld is beskikbaar vir die gemeenskap en projekte wat julle kan begin.

Wanneer die tweede been van die Kaapse Khoi konferen-

sie vir die groepe in die Suid-en Oos-Kaap ook hul struktuur in plek het, sal ons die same-smelting van die twee groepe fasiliteer.

Maar ek wat die voorsitter van die trust is, wil nie sien dat mense agterbly as gevolg van iemand anders se optrede nie.

Dit is mos 'n ou politieke truuk dat daar mense is wat in die pad van ander staan. Ek wil dit nie hê nie.

En al die klomp vrae wat vandag hier gevra is, is nie verkeer nie. Dit is reg dat vrae gevra word, maar kom ons parkeer dit nou eers sodat ons kan kom by die vestiging van die struktuur en dan kan ons vinniger kom by die punt waar ons julle geld kan oorhandig, wat ons in die openbaar doen.

Maar die *bottom line* is ons wag vir julle. Ek hou van al die vrae wat hier in die konferensie gevra was en al die uitbreidings daarop. Dit wys my die mense het die expertise en wilskrag om die goed te kan doen.

Dit is daar, dit moet net behoorlik bestuur word, want vinnig, vinnig verstaan ons iets verkeerd, dan split ons op.

Die nuwe struktuur sal die vrae hanteer en die vrae wat na ons toe kom sal ons hanteer.

Maar vir nou keer die proses onnodig dat die geld nie betaal kan word nie.

Ons gaan nou vir 'n ruk uit om julle te los om die verkiesing te hou en die struktuur in plek te stel. Dit is die hoofrede waarom ons vandag hier is.

Ek sien groot volwassenheid hier. Ons hare raak wit op die pad. As iemand iets wil vra, het ek reeds die antwoord, want ek was al daar.

Dan wil ons as die Trust ook baie graag vra – soos ons ook aan die ander groepe gevra het:

- Ondersteun julle ons in hierdie saak?
- Hou julle van wat ons doen?
- Moet ons hier wees?

Ek wil dit weet, anders help dit nie ons is hier en julle hou nie van ons gesigte nie.

Ek moet die boodskap oordra dat almal gesê het hulle ondersteun ons want ons doen 'n goeie job – en ek moet beklemtoon, ons doen dit onder moeilike omstandighede, met talle probleme.

Kry ons daardie onderneming van julle? Baie dankie vir die oorverdowende handeklap en jul steun. Ons waardeer dit.

Johannes Maarman

Seize the moment

This is an unprecedented time for the Khoi-Khoi First Nations People of South Africa, who, without any government support have begun to use Traditional Knowledge Access and Benefit Sharing resources to build sustainable economic projects.

These projects will help uplift communities, create development opportunities and end their economic, social and cultural marginalisation in the land of their ancestors where they are still not recognised, restituted and restored.

Several Khoi-Khoi communities, including the Griqua, the Nama, the Koranna and the indigenous Rooibos growing communities of the Cederberg Belt (Wupperthal and Nieuwoudtville) have received an unprecedented injection of R1 million each, to for upliftment

From the
Editor's
pen



projects aimed at empowering Khoi-Khoi communities.

These resources, distributed by the Khoi-Khoi Peoples Rooibos Biodiversity Trust, to democratically elected and legally established entities created by the beneficiary communities have already been used.

These funds have provided the much-needed financial input required for the communities to get the ball rolling and create a new spirit of self-reliance and self-sufficiency among their people.

While there are those who bemoan the fact that the available resource base is negligible, it cannot be said that these communities have just sat back and done

nothing to intervene, while the conditions for Khoi-Khoi indigenous peoples in this country continue to become more dismal, desperate and distressing.

In this case, quite the opposite has occurred, because, in a very short time these marginalised communities have demonstrated that they are industrious, resourceful and competent.

There is now clearly a mood taking hold that our people must seize the moment and show that we can, with the little resources at our disposal, lift ourselves up by our own bootstraps.

Everywhere, in Upington, Bloemfontein, Patensie, Wupperthal, Nieuwoudtville, Knoflokskraal, the Richtersveld, Bethany, Griekwastad, Kimberly and in many other places where Khoi-Khoi communities are located projects have been launched and are

already flourishing. Traditional plants have been harvested, packaged and marketed, sewing projects have produced a wide variety of products, guest houses and skills development centres are being constructed and soaps are being produced.

This new spirits of ending the cycle of hopelessness has demonstrated that if we act with determination, if we get the necessary support and if we harness our ingenuity, we can make a difference.

We are acting in our own interests, utilising the resources our ancestors gave us as an inheritance and we are no longer waiting for others to do things for us.

The time is now and thanks to the Traditional Knowledge resources distributed by the Biodiversity Trust, we are taking small, bold steps to take our future in our own hands to become the masters of our own destiny. The time is now, to seize the moment, – let's not delay a moment longer.

Zenzile Khoisan

Struktuur, hulpbronne kan Kaapse Khoi verenig

DEBBIE HENDRIKS

Die Kaapse Khoi-konferensie, wat by die Erfenis-sentrum in Kaapstad plaasgevind het, was 'n belangrike een om die Kaapse Khoi-gemeenskappe te organiseer en te bemagtig.

Die hoofdoel was om 'n verteenwoordigende liggaam te vestig wat effektief biodiversiteitsverwante befondsing kan ontvang en bestuur, met 'n sterk klem op die bemagtiging van veral vroue en die jeug.

Die konferensie is deur die leiers van die Khoi-Khoi People's Rooibos Biodiversity Trust (KPRBT) gereël. Hulle het die belangrikheid van struktuur, eenheid en aanspreeklikheid beklemtoon.

Frans Kraalshoek, tesourier van die Trust, het as seremoniemeester opgetree, en het verduidelik dat die doel van die konferensie nie net was om in die afgevaardigdes in te lig nie, maar ook om die fondse beskikbaar te stel.

“Elke Khoi-Khoi groep, waaronder die Nama, Griekwa, Korana en Kaapse Khoi kry, elk R1 miljoen om Khoi-Khoi-gemeenskappe te bemagtig en op te hef.”

Die afgevaardigdes is deur die Trust ingelig dat die Kaapse Khoi-konferensie meer as tien keer uitgestel is.

“Hierdie vertragsings beïnvloed die gemeenskap se persepsie negatief – nie net omdat hulle ons dalk nie meer glo nie, maar dit belemmer ook toegang tot die voordele, wat julle toekom vir gemeenskapsprojekte.”

Die Trust het egter hul voet neergesit en besluit dit is genoeg en het besluit geneem om voort te gaan met die organisering van hierdie konferensie.

“Hierdie is die eerste been van die Kaapse Khoi-konferensies, om 'n wet-tige en funksionele struktuur tot stand te bring en verdere vertragsings in befondsing te voorkom,” het Maarman gesê.

“Niemand gaan die Kaapse Khoi organiseer as die Kaapse Khoi nie hulself organiseer nie. Dit moet so gou moontlik gedoen word, want ons is gereed om julle geld oor te dra.”

Pastoor Maarman het gesê die ander drie groepe het reeds die R1 miljoen ontvang, en die Trust is gretig om die R1 miljoen wat vir die Kaapse Khoi geoormerk is, oor te dra.

“Benewens die miljoen, kry elke groep 'n bykomende R142 000 vir administratiewe koste.

“Ons het nooit voorheen fondse gehad nie, maar die ontvangs van fondse moet gepaard gaan met orde, dissipline en organisering,” het Kraalshoek bygevoeg.

Stanley Peterson, onder-voorsitter van die Biodiversiteitstrust, het dit duidelik gemaak dat die geld vir gemeenskappe bedoel is, en nie vir individuele leiers of chiefs nie.

Hy het beklemtoon dat die Trustees se rol beperk is tot die verspreiding van fondse, en dat hulle nie sal inmeng in politieke of leierskapkwessie nie.

Hy het ook die afgevaardigdes ingelig dat hierdie been van die konferensie die Kaapse Metro en omliggende gebiede insluit, en die tweede been sal die Suid-



SO GAAN DIT WERK: Trusteedele van die KPRBT verduidelik die pad vorentoe. Kloksgewys van bo: Kennett Maarman, Frans Kraalshoek, Stanley Peterson, Chantal Revell en links Past. Maarman.

FOTO'S: IFN MEDIA

en Oos-Kaap streke insluit.

Kraalshoek het voortgegaan om die proses te verduidelik wat gevolg moet word sodat fondse versprei kan word:

“Eerstens moet julle 'n verenigde struktuur daarstel wat die volgende moet insluit:

- 'n Grondwet
- 'n Uitvoerende komitee (bestaande uit 'n voorsitter, sekretaris, tesourier en hul adjunkte), en
- 'n Bankrekening

wat deur die gemeenskap goedgekeur is



INLIGTINGSESSIE: Kaapse Khoi luister aandagtig na Trusteedele by die eerste been van die Kaapse Khoi konferensie.

“Sodra dit daar is, moet die leierskap van elke streek verkies word. Elke streek sal 12 hoofleiers en 12 bykomende lede hê.

“Hierdie 24 verteenwoordigers sal die Kaapse Khoi Nasionale Raad vorm, wat dan 'n uitvoerende komitee sal kies wat uit vyf lede bestaan om die raad te lei.”

Kraalshoek het dit benadruk dat die befondsing bedoel is vir projekte en nie vir persoonlike gebruik nie.

Hy het daarna die vereistes vir die aansoek van befondsing vir projekte verduidelik:

“Aansoeke sal ingedien word by die leiers van die groepe in die gemeenskap. Wat baie belangrik is, is dat elke aansoek 'n sakeplan vir die projek moet insluit.

“Hierdie aansoeke moet dan deur die erkende leier van die gemeenskap goedgekeur word. Aansoeke sonder die leier se goedkeuring sal summier afgekeur word.

“Die suksesvolle projekte sal ook onderhewig wees aan monitering en ouditering,” het Kraalshoek verklaar.

Hy het gemeenskappe aangemoedig om eienaarskap van hul strukture te neem, aangesien trustlede nie besluite sal voorskryf nie.

“Alle besluite moet gemeenskaps-

gerig en deursigtig wees. Leiers moet met hul lede kommunikeer en aanspreeklik gehou word.”

Kraalshoek het verduidelik dat daar tydens die oorhandiging van die R1 miljoen, 'n Memorandum van Ooreenkoms deur die vyf lede onderteken moet word.

“Ouditering moet gedoen word en die uitvoerende komitee moet ook gaan kyk hoe die projekte vorder. Daar moet monitering en toesig plaasvind – sodra daardie dokument geteken is.”

Hy het beklemtoon dat voordele oor 'n tydperk versprei sal word, en nie alles op een slag nie.

“Hy het leiers aangemoedig om gemeenskappe se verwagtinge te bestuur en om projekbefondsing regverdig tussen groepe te verdeel.

Kraalshoek het die behoefte aan ordelike prosesse en sterk strukture benadruk.

“Die einddoel van al die konferensies is dat ons uiteindelik ook 'n Khoi-Khoi Nasionale Raad tot stand kan bring en om, uiteindelik met die San Raad te verenig.

“Deur kollektiewe wil, gestruktureerde leierskap en die deursigtige en openbare oorhandiging van fondse, kan die Kaapse Khoi hul regmatige plek inneem

en hulpbronne wat tot hul beskikking is kry. Die pad vorentoe is duidelik: struktuur, eenheid en verantwoordelikheid.”

Stanley Peterson het die afvaardigers gemaak dat daar verwag gaan word dat die geld aangewend moet word vir die projekte waarvoor aansoek gedoen is.

“Ons het een groep gehad wat na ses maande nog nie die geld by die gemeenskap uitgekry het nie.

“Ons het hulle gewaarsku dat die geld voor die einde van Julie spandeer moet word. Dit is nie hulle geld nie, die geld is vir die gemeenskap en nie daar om rente te trek nie.

“ 'n Paar maande gelede het die Griekwas in die Kasteel byeengekom. Tien leiers het besluit dat van die geld aangewend gaan word om vyftig naaimasjiene te koop vir vroue en jeug en ons het die masjiene uitgedeel aan die verskillende provinsies waar die Griekwas is.

“En vandag kan ons sê dat die vroue reeds kan wys wat hulle met die masjiene gedoen het.”


Maarman het die leierskap aangemoedig met die woorde: “Organiseer julleself, dien julle grondwet in, verskaf julle bankbesonderhede, en ons is gereed om die fondse oor te dra.”



Delegates decide on National Cape Khoi Council

The Conference of the Cape Khoi was dedicated to discussing the establishment of an interim structure for the first leg of the Cape Khoi conferences. The second leg will be groups that belong KCHDC in the Southern and Eastern areas of the country. After the conclusion of the two conferences a national structure consisting of the office bearers voted for at both conferences will get together to form a united national structure. First Nations delegates at the conference held at the Heritage Centre in Observatory, proposed a few names for the interim structure, including: Cape Khoi Indigenous Group; National Resurgence of Cape Khoi, National Cape Khoi Council and National Sovereign Khoi Council. The National Cape Khoi Council received the most votes and was put forward as the chosen name. Thereafter 12 candidates were chosen to serve as office bearers, with another 12 as additional members. The delegates discussed that each house or group who were represented at the conference should have one representative and one additional member. The delegates agreed that the election process was one of the fastest,

making it one of the most efficient sessions recorded. The executives that were elected are: Zenzile Khoisan (chairperson); Belinda Peterson (dep. chairperson); Princess Chantal Revell (secretary); Fuad van der Schyff (dep. secretary); Zelt Marais (treasurer); Kenneth Hoffman (dep. treasurer.) The additional members that were elected: David Johannes; Carmen Rogers; Trevor Koopman, and Charl Damon; Nico Claasen and Henry Goukou Solomon. (Claasen and Solomon have since resigned). The meeting concluded with a plan to develop a formal constitution. A draft constitution has been drawn up and sent to everyone to ensure that all review the constitution. A later meeting will be held to finalise and adopt the constitution. The elected chairperson, Zenzile Khoisan, said no one is there for him or herself. “We have to show maturity and steadfastness. We know all the leaders here, we have built each other up over the years. “Even this Heritage Centre where we are gathering – it took a long fight – even among ourselves, but we do not see this as the Gorinhaiqua building. It is a place of anchorage for all our people,” Khoisan said.



VOTING IN PROCESS: Chief Zenzile Khoisan, Gorinhaiqua chief, assisted by chief Ron Martin busy with the voting process at the Cape Khoi Conference. **PICS: IFN MEDIA**

Questions and Answers

Q: What about Khoi leaders across provinces?
A: The trust recognises that the Cape Khoi extends across provinces. Leaders in other provinces must align under the Cape Khoi structure to qualify for funding.

Q: How are funds managed and who oversees the spending?
A: The executive committee will manage funds. Oversight is conducted through audits and a binding Memorandum of Understanding. Mismanagement will not be tolerated.

Q: Why has there been a delay in fund distribution?
A: This was due to disorganisation and political disputes. The trust also had to face accusations and other challenges, which delayed progress.

Structures that are now being established will aim to prevent such delays in the future.

Q: What if our project is not approved this year?
A: Funding is continuous, not once-off. Projects that are not funded this cycle may be considered in the next.

Q: Can individuals apply for projects?
A: No money will be paid into an individual's account. The Trust will only accept applications from organisations and projects that will benefit the community. Business plans must accompany any applications and the local leadership must endorse the application.



STAMP OF APPROVAL: The newly elected leadership of the National Cape Khoi Council were congratulated by the KPRBT trustees for a very successful conference.

‘Leave a legacy,’ Korannas urged

Report of the Khoi-Khoi Peoples Rooibos Biodiversity Trust in the handover of Benefit Sharing funds to the National Koranna Council of Southern Africa

The handover of R1 million of Benefit Sharing funds to the National Korana Council of Southern Africa by the Khoi-Khoi Peoples Rooibos Biodiversity Trust (KPRBT) occurred in Bloemfontein on 4 July 2025. This followed previous handover events to other beneficiary groups, notably for the Cederberg Peoples Association (November 2024) and the Nama Volks Organisasie and the National Griqua Council (January 2025). Each beneficiary group, in compliance with the KPRBT policies, had convened conferences, elected office bearers, developed constitutions and registered bank accounts for special purpose vehicle Not for Profit Organisations. These would serve as properly constituted structures through which Traditional Knowledge resources from Access and Benefit Sharing agreements would be distributed to valid Khoi-Khoi beneficiary communities. These benefit distribution structures were created under direction of the Khoi-Khoi Peoples Rooibos Biodiversity Trust which is at all times guided by the Trust Deed that underpins its mandate.

Background

The beneficiaries of this Trust Deed are defined as the Khoi-Khoi peoples of South Africa, including the Khoi-Khoi communities identified as the Griqua, Nama, Korana, and Cape Khoi, as well as the Khoi-Khoi descended Rooibos Indigenous Farming Communities of the Cederberg, among others. The guiding principle of the Trust is to distribute the funds equitably, ensuring effective acknowledgment, restitution, and reward for those of Khoi-Khoi descent across the five historical groupings, including the Cederberg indigenous farming communities. **Overview of the funds being allocated and role of the Trust: Chairperson, Johannes Maarman**

The Biodiversity Trust is duly registered legal entity with the Master of the High Court and is responsible to receive and manage funds allocated by the different industries as a result of our Traditional Knowledge. The trust will release funds subject to the beneficiary community having an adopted and signed Constitution, elected trustees (Management Committee) and a Bank account to which the funds will be transferred. The funds are for the benefit of the communities of the identified beneficiaries and proposals used for projects related to agriculture, youth development, female projects and sport, art and cultural projects. The Chairperson also explained how the Trust was criticised by the public, in person or over the social media, despite the challenges faced by the Trust to be compliant and to ensure that funds are managed and distributed in a responsible manner. The Trust is responsible to account to the industry on how we have managed to teach our children and others what TK stand for and how benefits are derived from this concept. *(For more about the clip, see page10)* Peterson explained that In 2016 the South African Rooibos industry, represented by the South African Rooibos Council, came to the negotiating table. These negotiations were overseen by the Department of Environmental Affairs, as it was known then. Through this process, a specific Rooibos Biocultural Process documenting the Khoi-Khoi as TK holders to Rooibos, emerged as a priority. Negotiations were concluded in 2019. A traditional knowledge levy was paid during March 2020 as the first benefit shared (other than the benefits flowing from the agreements). “To us, these benefits represent a form of restitution, as redress for past injustices. It is the symbolic restoration of our beloved Rooibos.” He explained further that the benefit sharing is paid in an account of the Department of Environmental Affairs after

The secretary then explained that the Executive Committee of the Korana Council should use their Constitution as guiding document to avoid any legal challenges, so they should be aware of the content of their constitution and policies as also with the objectives of the Biodiversity Trust Deed. Revell explained that in terms of the established protocol, the line of communication should be via the secretary and that this is the only official communication channel between the Trust and the Beneficiary Organisations. The organisations should report on spending to the Trust and this information will be used to account on expenditure to the funders and industry. The secretary stated that the Biodiversity Trust will share the approved guidelines and policies with the community organisation so that the objectives are shared and in line with the Trust Deed. **Benefit sharing: Treasurer, Frans Kraalshoek**

Kraalshoek explained that the Treasurer is responsible for the distribution of funds to the beneficiaries, and he or she should monitor expenditure and accounts on all funds used. All expenditures should be budgeted for and in line with the objectives and priorities of the organisation. All records should be kept for audit purposes and any mismanagement of funds should be reported immediately to the Biodiversity Trust because this will have an impact on their future distribution of benefit sharing. The Treasurer explained some of the projects that can be initiated by the Korana Council, including bursaries for qualifying students and those aspiring to qualify as accountants and that projects to address the issue of youth unemployment should be a priority. He explained the wagon wheel on how funds are divided between the National Khoi-San Council, the Biodiversity Trust administration and the beneficiary groupings *(see page 11)*. The treasurer stressed that the Korana Council must implement projects that will leave a legacy for our children and children’s children and to improve our peoples lives.



FRANS KRAALSHOEK



CHANTAL REVELL



STANLEY PETERSON

the funds and the Trust has to put systems and policies in place and even had to “go back to school” to learn about the legal issues on how to manage a Trust. All this was to be legally compliant and to monitor and evaluate each project to ensure it is in line with the objectives of the Trust Deed. **Insight on the negotiation process: Deputy Chair, Stanley Peterson** The Deputy Chairperson started his session with an explanation in a short movie clip which engages with the term Traditional Knowledge. In this instance the short digital media clip explains Traditional Knowledge, and identifies which plant species are included in the TK of the Khoi-Khoi people. The aim of the digital media clip is which it is split between the Khoi and San people on a 50/50 basis. The Khoi portion is deposited in the Biodiversity Trust for distribution to the identified beneficiary groupings Nama, Griqua, Korana, Cape Khoi and Cederberg Indigenous Farming Communities of Nieuwoudtville and Wupperthal. **The importance of governance: Secretary, Chantal Revell** The Secretary explained to the conference her role as Secretary in the Biodiversity Trust. She emphasised the importance of governance to ensure legal compliance. She further explained that it is the responsibility of the Korana Council to approve policies and guidelines on how to distribute the allocated funds for the benefit of the beneficiaries.

Leave no community behind

An important part of the process of empowering Khoi descendant and building economic sustainability and a sense of dignity and cultural affirmation has been the conferences among the various Khoi-Khoi peoples beneficiary, which have brought structures together to work for the common goal of upliftment of the people. It is this inspiring unified approach that was manifested at the handover ceremony in Bloemfontein in July where the leadership of the National Korana Council of Southern Africa officially received R1 million from the Khoi-Khoi Peoples Rooibos Biodiversity Trust. Its elected chairperson, Bishop Gail Baatjies discussed the meaning of this important occasion and the way forward for distributing the Traditional Knowledge Access and Benefit Sharing funds to Korana Communities. **Inheemse Spoor: What did the receipt of resources mean to you and the other leaders who attended this event?**

Gail Baatjies: There was true excitement amongst leaders, especially when they saw that the dream is becoming a reality. Our people were happy. **IS: How was the process of ensuring that the National Korana Council of Southern Africa was fully compliant with all the criteria that had been set by the KPRBT as a pre-condition for this benefit-sharing distribution?** **GB:** We had to comply with the criteria of establishing a NPC and bank account. We had different deliberations as an executive committee to ensure that we stayed on track and consulted with the KPRBT on a regular basis to make sure that we were compliant.




GAIL BAATJIES

IS: How do you feel personally as chairperson about this watershed event in the history of the Korana Khoi-Khoi peoples? **GB:** It forces us to be unified and to lead by example. It was a beautiful moment to see all our leaders unified and happy to receive this drop in the bucket to help our people move forward. There are so many still outside that we must bring into the Korana fold. We will never be able to please everybody, but we must work towards the common goal, the upliftment and sustainability of our people. May God help us to do so with integrity. **IS: What are the immediate steps to ensure a smooth and fair distribution process?** **GB:** The executive committee, in conjunction with and guidance by the

KPRBT is currently busy formulating our policy documents so that we are legally accountable to our Korana Nation. We are pleased to say that by reaching out to the Korana Nation through their respective leaders we will soon start to discuss projects within our Nation. To make sure that we distribute to the collective communities, we are currently discussing our role-out plan to start our projects moving forward. **IS: What is the vision you and other leaders have in respect of the Access and Benefit sharing process?** **GB:** The most important aspect is transparency so that we can make sure no community is left behind. We hope to reach more youth and women in the implementation of our vision. We have too many young people not empowered and skilled and we want to reach our youth so that they can benefit from this process, because they are the future of our nation.

Volhoubare ontwikkeling vir Korannas



SUKSES: Leiers van die Koranna Nasionale Raad was verheug toe hulle en ’n tjek van R1 Miljoen van die Trustees van die KPRBT ontvang het.



Daar word gewoeker en gewoel in Khoi-Khoi gemeenskappe waar die klanke gehoor kan word van naaldwerkmasjiene wat materiaal omskep en ontwerp; die gekap van hammers wat bou en verbeter; bokke wat blêr; potte wat konkossies kook vir handgemaakte seep. Dan is daar plante en bossies wat met sorg gepluk word vir die maak van inheemse pille, salf en olie, wat moontlik gemaak is danksy ons voorouers se Tradisionele Kennis. Dit is paar van die aksies waarmee Khoi-gemeenskappe besig is om te woeker met die R1 miljoen wat hul van die Toegang- en Voordeel-verdelingsfondse ontvang het. Die gelde is deur die Khoi-Khoi Peoples Rooibos Biodiversity Trust versprei en is daarop gemik om inheemse mense die finansiële hupstoot in hul onderskeie gemeenskappe te gee om hul te bemagtig, ekonomies onafhanklik en self-onderhoudend te maak.

INDIGENOUS PRODUCTS FOR HEALTY LIFESTYLE: Tablets, capsules, ointment, oil and tea for sale in Uington, for pain, sinus problems, diabetic wounds, sleeplessness and anxiety.

THRIVING GOAT PROJECT: The Griqua communities in and around Upington have been trail-blazers in demonstrating that Griqua Khoi-Khoi people can be successful goat farmers.

TREATMENT FOR GUT PROBLEMS: Among the many traditional healing products developed from TK resources.

IN THE FIELD: Davian Pieterse and Antionette Maarman in Nieuwoudtville, where they farm with rooibos.

PRESENTED WITH PRIDE: Benedict Salamo (son of Wupperthal rooibos pioneer Barend Salamo) with some of the rooibos and honeybush products. With other young people in the Wupperthal and Nieuwoudtville area they are involved in various aspects of the processing, sales and administration of rooibos products.

Só word Inheemse gemeenskappe bemagtig



Handgemaakte seep

Deur gebruik te maak van natuurlike bestanddele in die seep voldoen die seepprojek van die Vrystaatse Griekwa vrou in ekonomiese behoeftes, terwyl dit ook omgewing-vriendelik is. Elke seep word met liefde gemaak en vertel die verhaal van tradisionele praktyke saam met die inheemse omgee vir die aarde.

Hierdie onderneming bevorder die plaaslike ekonomie, waar geld binne die gemeenskap bly en nie na buite vloei nie.

Die seepprojek versterk plaaslike netwerke en voorsien opleiding in klein-skaalse vervaardiging en bemarking.

IN AKSIE: Griekwa vroue in die Vrystaat besig om seep te maak.

Creative ways women use sewing machines

The sewing machines the Griqua woman received earlier this year at the Castle of Good Hope, has been put to good use, with some innovative creations.

The handing over of the machines was part of the R1 Million the Griqua National Council received from the Biodiversity Trust funds.

Some of these needlework products were on display at the Bloemfontein Arts Fair, along with tea and handmade soap products the women created.

Needlework and clothing design are being reimagined as not just domestic crafts, but

viable business ventures that fuse traditional aesthetics with modern fashion sensibilities. The aim is to sell these products locally and at cultural festivals, with plans to expand into online platforms in the near future.

These products reflect a distinctly indigenous identity and serve as both practical items and cultural artifacts.

Importantly, these sewing initiatives also offer a space for intergenerational learning, as elders share patterns, techniques, and stories with younger women, ensuring that cultural knowledge is passed down and adapted for future use.



ON DISPLAY: Griqua women in the Free State have been hard at work to bring finished products to market. Here at the Bloemfontein Arts Fair they proudly displayed their handiwork.



CHANGING THE LANDSCAPE:

The landscape of Knoflokskraal, an indigenous settlement in the Overberg is being transformed. Thanks to the funding from the KPRBT new initiatives are taking shape with the renovation of a guest house and the construction of a skills development centre. These economic and social development projects have demonstrated that resources from traditional knowledge can rapidly change the fortunes of a community.

Tradisionele kennis van Khoi onder plantspesies

Benewens rooibos, die bekendste plant wat slegs in sekere gebiede van die Noord- en Wes-Kaap voorkom, is die kennis van talle ander plantspesies van die Khoi-Khoi se voorgeslagte aan hul nageslagte deur die eeue oorgedra.

Stanley Peterson, van die Griekwa-stam in Upington gee ’n kort opsomming van die gebruike van net vyf van die plante waarvan die Khoi-Khoi tradisionele kennis het wat van geslagte van die inheemse voorouers aan die nageslag oorgedra is.

Hy verduidelik dat daar nie dokters in daardie jare was nie, en die voorgeslag het net die veld gehad waarop hul kon staatmaak om siektes te verlig of te genees.

Pelargonium

Hierdie plant is deel van die malva-familie, en staan ook bekend as die kanferblaar of die maagpynbossie.

Dit is tradisioneel deur die inheemse Khoi en San gebruik om te help met infeksies, borskwale en hoës.

Ander gebruike is onder meer vir maagkwale, brongitis, naarheid en blaasprobleme.

’n Afreksel van die blare is gewoonlik gedrink. Fyngevyrde blare is in ’n pasta gemaak en as ’n pleister gebruik om veluitslae te behandel of op wonde te smeer.

Selfs die wortel, wat poeieragtig is, kan gekook word vir wanneer iemand erge diarree het iaree.

Pelargonium word ook beskou as ’n natuurlike antibiotika. Daar word geglo dat pelargonium kan bakterieë en virusse keer wat bors-infeksies veroorsaak. Dit help om neussimptome te verlig deur slym los te maak, wat die lugweë help skoonmaak en asemhaling vergemaklik.

Duiwelsklou

Duiwelsklou is inheems aan Suid-Afrika, en kom ook in die Kalahariwoestyn voor, waar dit tradisioneel vir verskeie toestande gebruik is.

Duiwelsklou word dikwels gebruik vir toestande wat pyn en inflammasie insluit, maar meestal glo die Khoi en San dat dit rugpyn en jig kan verlig.

Heuningbos

Daar is 23 spesies van hierdie bos wat meestal as ’n verfrissende tee gedrink word. Slegs ses van die spesies word gebruik en word veral gebruik in drankies, lekkers, vrugtesappe en is dit ook ryk in voedingswaarde.

Sceletium (ook bekend as kougoud of kanna)

